

# Taak 3.1: Kwartaaltoets Graad 9

**Deur:** Hanneke Basson, Hoër Meisieskool Herschel

## AFDELING A:

**Lees- en kykbegrip**

### Vraag 1

**(Prosateks)**

Lees die onderstaande teks deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

## Werkende ma's en tuisblyma's

**Deur:** Zerelda Esterhuizen

- 1 Ek is 'n werkende ma. Ja, ek werk soms meer by die huis as by die kantoor, maar ek bedoel ek is een van die ma's wat elke dag werk toe moet ry en haar kinders by die dagmoeder los.
- 2 Soms is ek bly ek is 'n werkende ma, want ek het kollegas om mee te praat en ek kry my eie geld. Soms is ek hartseer, want dit voel of ek my kinders se lewens misloop. My oudste het by die dagmoeder begin loop en my jongste het by die dagmoeder begin kruip.
- 3 Die meeste werkende ma's is jaloers op ma's wat by die huis bly. Hulle kan hul kinders soggens rustig skool toe neem, hul wasgoed deur die dag was, inkopies gaan doen, dalk met tee in die son sit en hul kinders in die middag gaan haal. Ons weet hulle sit nie heeldag en doen naels en kyk *The Bold and the Beautiful* nie en is saans ook doodmoeg, maar ons is so 'n bietjie jaloers.
- 4 Tuisblyma's het baie voordele. Hulle kan hul kinders met huiswerk help en hoef nie in die aand nog te sukkel as hulle moeg is nie. Ek ken ook tuisblyma's wat hul eie groente uit hul tuin pluk, self jogurt maak en gewoonlik heerlike etes kook. En dan die belangrikste: hul kinders is gelukkig om tuisblyma's naby te hê.



## Eerste Addisionele Taal

- 5 Ek is jammer dat ek wedstryde misloop. Ek is hartseer dat ek nooit in die oggend na skoolfunksies kan gaan nie. Ek haat dit om die aand in 'n chaotiese huis in te loop en dan spaghetti te maak, want dis die maklikste. Ek haat my alarm wat 04:15 afgaan.
- 6 Dalk moet 'n mens ophou kyk na wat ander ma's doen en fokus op jou (soms deurmekaar) huis en gesin. Vir wat moet ons onself heelyd met ander ma's vergelyk? Dis mos nie 'n kompetisie nie.
- 7 As jou kinders gelukkig is en dink jy is 'n wonderlike ma, ís jy een.

(Verwerk vanaf [www.vrouekeur.co.za](http://www.vrouekeur.co.za))



- 1.1 Wat is 'n dagmoeder (paragraaf 1)? [1]
- 1.2.1 Gee 'n rede waarom die skrywer gelukkig is dat sy werk? [1]
- 1.2.2 Gee 'n rede waarom die skrywer ongelukkig is dat sy werk? [1]
- 1.3 'n Werkende ma en 'n tuisblyma se dag is dieselfde. Gee 'n rede uit die teks hoekom dit so is. [1]
- 1.4 Haal 'n sin aan wat bewys dat kinders van sommige tuisblyma's nie winkelkos eet nie. [1]
- 1.5 Hoekom, dink jy, staan die skrywer van die artikel so vroeg op? [1]
- 1.6.1 Is die eerste sin in paragraaf 6 'n feit of 'n mening? [1]
- 1.6.2 Haal 'n woord uit paragraaf 6 aan as bewys vir jou antwoord by 1.6.1. [1]
- 1.7 Watter tipe ma, dink jy, is die beste? Gee 'n rede wat nie in die teks is nie. [1]
- 1.8 Skryf die ontbrekende woord neer:  
Ma's moenie hulself met ander ma's \_\_\_\_\_ nie. [1]


**/10/**



# Vraag 2


**(Visuele teks)**

Kyk na die onderstaande strokie en beantwoord dan die vrae.



- 2.1 Wat in raam 1 kon Josh aan kalwerliefde laat dink? [1]
- 2.2 Gee 'n bewys uit raam 4 dat Josh praat en nie meer dink nie. [1]
- 2.3 Hoe weet jy Josh is verbaas in raam 6? [1]
- 2.4 Waaroor, dink jy, is Josh so opgewonde in raam 7? [1]
- 2.5 Wat in Josh en Becky se lyftaal in raam 8 wys dat hulle van mekaar hou? [1]

**/5/**



# AFDELING B:

Taal

## Vraag 3

(Webartikel)

Lees die onderstaande teks deur en beantwoord dan die vrae.

**My seun en sy meisie het vir twee jaar lank 'n baie jaloerse verhouding.**

### Jaloerse tienerliefde

- 1 (3.1) My seun (19) en sy meisie (17), wat twee jaar saam is, het 'n baie jaloerse verhouding.
- 2 Hulle meng glad nie met ander tieners nie en gaan nooit uit nie, want die een is te bang die ander sien iemand anders raak. My seun mag nie eers na 'n meisie se kant toe kyk nie, dan raak sy meisie histeries.
- 3 Hulle het groot argumente hieroor. Hulle slaan deure toe en as 'n ma weet ek nie wat om te doen nie.
- 4 Het enige iemand vir my raad? Ek het al gesê ek sal betaal vir hulp, maar hulle wil nie.

(health24.com)

- 3.1.1 Skryf die voorwerp van die sin neer.
- 3.1.2 Skryf die onderwerp van die sin neer. [2]
- 3.2 Verbeter die WOORDORDE van die volgende sin.  
Die twee tieners nooit na 'n restaurant alleen gaan om te kuier nie. [1]
- 3.3 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.  
Die ma sit en skryf 'n brief in die woonkamer. [1]
- 3.4 Watter SOORT SIN is elkeen van die volgende?
  - 3.4.1 Gaan saam met ander vriende uit!
  - 3.4.2 Sjoe, die arme ma is baie bekommerd! [2]
- 3.5 Verander die VRAAGSIN na 'n STELSIN.  
Het jy vir die bekommerde ma raad? [1]
- 3.6 Skryf die VRAAG neer waarop die onderstreepte deel die antwoord is.  
Die ma skryf 'n brief om raad te vra. [1]
- 3.7 Skryf die ontbrekende VOORNAAMWOORDE in die volgende sinne neer:
  - 3.7.1 Sy is lief vir ... seun.
  - 3.7.2 Die seun is lief vir ... meisie. [2]

**/10/**

# Vraag 4

**(Grappie)**

Kyk na die onderstaande grappie en beantwoord dan die vrae.



Ek wil nie 'n groot gesin hê nie.  
Ek hou niks van kinders nie!

- 4.1 Gee die korrekte WOORDORDE van die woorde tussen hakies.  
Die seun het (vasgehou) (die pratende meisie se hand) (gister) (in die straat). [1]
- 4.2 Begin die volgende sin met die onderstreepte woorde.  
Die paartjie loop teen sonder op die strand. [1]
- 4.3 Skryf die volgende sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.  
Sy het toe die seun mal gepraat. [1]
- 4.4 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.  
Die meisie hou nie van groot (gesin) nie. [1]
- 4.5 Verander die STELSIN na 'n BEVELSIN.  
Hy luister geduldig na al haar stories. [1]

**/5/**





## Vraag 5

Identifiseer VYF SPELFOUTE in die volgende teks. Skryf die vyf woorde korrek ondermekaar neer.

**Ek is lief vir my gesin. Ons spendeer baie tyd saam en ondersteen mekaar.  
Die mees kinders gaan saam met hulle ouers met verkansie. Ek is viertien  
en gaan vanjaar alleen na Parys.**

/5/

## Vraag 6

**(Prent)**

Kyk na die onderstaande prent en beantwoord dan die vrae:

- 6.1 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.  
Sy het diamante om haar nek. [1]
- 6.2 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.  
Sarah sien twee seuns in haar (droom). [1]
- 6.3 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.  
Dit is 'n pragtige (ketting) om haar nek. [1]
- 6.4 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woord tussen hakies.  
Die seun met die bril is 'n goeie (akteur). [1]
- 6.5 Herskryf die volgende sin in die TEENWOORDIGE TYD. Begin met die woord tussen hakies.  
Gister was Sarah baie verlief op albei seuns. (Vandag) [1]

/5/



# MEMORANDUM

## Vraag 1

- 1.1 'n Vrou wat na werkende ma's se kinders kyk. [1]
- 1.2.1 **Sy** het kollegas om mee te praat./ **Sy** kry haar eie geld. (Perspektief moet reg wees.) [1]
- 1.2.2 **Sy** loop haar kinders se lewens mis. (Perspektief moet reg wees.) [1]
- 1.3 Albei is saans doodmoeg. [1]
- 1.4 "Ek ken ook tuisblyma's wat hul eie groente uit hul tuin pluk, self jogurt maak en gewoonlik heerlike etes kook." (Moet 'n sin wees.) [1]
- 1.5 Oorweeg antwoorde, bv. Sy moet haarself en haar kinders gereed kry./  
Sy moet vir haar kinders kos inpak./Sy moet haar kinders gaan aflaa. /Sy moet gaan werk. [1]
- 1.6.1 Mening. [1]
- 1.6.2 "Dalk". [1]
- 1.7 Oorweeg antwoorde, bv. tuisblyma's het tyd om koekies te bak. [1]
- 1.8 vergelyk [1]

## Vraag 2

- 2.1 Die meisie en die seun op die bankie. [1]
- 2.2 Sy mond is oop./Dit is 'n praatborrel. [1]
- 2.3 Sy mond is oop./Sy oë is groot./Sy hande is oop. [1]
- 2.4 Die meisie het dieselfde skoene/tekkies as hy aan. (Gebruik diskresie.) [1]
- 2.5 Hulle is na mekaar gedraai./Hulle glimlag./Hulle kyk na mekaar./Hulle stap langs mekaar. [1]

**[15]**

## Vraag 3

- 3.1.1 'n baie jaloerse verhouding
- 3.1.2 My seun en sy meisie. [2]
- 3.2 Die twee tieners gaan nooit alleen na 'n restaurant om te kuier nie. [1]
- 3.3 Die ma het 'n brief in die woonkamer (ge)sit en skryf. [1]
- 3.4.1 Bevelsin.

## Eerste Addisionele Taal

- 3.4.2 Uitroepsin. [2]
- 3.5 Jy het vir die bekommerde ma raad. [1]
- 3.6 Hoekom/waarom skryf die ma 'n brief? [1]
- 3.7.1 haar
- 3.7.2 sy [2]

**/10/**

### Vraag 4

- 4.1 Die seun het gister die pratende meisie se hand in die straat vasgehou. [1]
- 4.2 Teen sononder loop die paartjie op die strand. [1]
- 4.3 Sy praat nou die seun mal. [1]
- 4.4 gesinne [1]
- 4.5 Luister geduldig na al haar stories. [1]

**/5/**

### Vraag 5

spandeer

ondersteun

meeste

vakansie

veertien

**/5/**

### Vraag 6

- 6.1 Sy het diamante om haar nek gehad. [1]
- 6.2 drome [1]
- 6.3 kettinkie [1]
- 6.4 aktrise [1]
- 6.5 Vandag is Sarah baie verlief op albei seuns. [1]

**/5/**